# PSALM 75

```
          D            A      D
1.        Ons wil jubel tot U eer!
              Bm      D      A
          U alleen, U loof ons bly –
          D                A        D
          want U Naam is, trou Yahweh,
               Bm     D      A
          vir U volk tot troos naby.
                 Em       D
          Daarom roem ons in ons land
          G     D        A     D
          al die wonders van U hand.

          D               A          D
2.        Al vertoef Ek, spreek Yahweh;
                Bm  D         A
          al gaan jare langsaam om –
          D                  A        D
          eersdaags daal My oordeel neer,
                Bm     D        A
          eind'lik sal My regsdag kom.
                 Em       D
          Wat ook wankel – deur My hand
          G      D        A     D
          bly die aarde~in vaste stand.

          D              A        D
3.        Wie kan in hulself nou roem?
                 Bm      D      A
          Yahweh, Regter, sal verdoem;
          D            A      D
          in Sy hand 'n beker wyn
                Bm     D      A
          wat oorvloedig daarin skuim;
               Em     D
          dit wat afsak, sal Hy skink,
          G     D      A       D
          goddeloses moet dit drink.

          D            A      D
4.        Ek sing ewig tot U eer,
                 Bm     D     A
          God van Jakob, lof en prys.
          D            A       D
          Hoë horings werp ek neer
                Bm     D    A
          wat teen U het opgerys.
                  Em      D
          Maar ons horing, swaar getref,
          G          D        A    D
          word deur Yahweh opgehef.
```